



KAMMANUUS

Nommer 370

10 Maart 2014

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Oor vlieë, modder en die duiwel

Hier in Sandkantland maak die winter sy laaste stuiptrek en begin die lugreëlaars weer met die imams meeding vir ons aandag. Selwers het ek en Kamermaatjie ons kamer in die villa verruil vir 'n nuwe een wat van die twaalfde vloer af lekker oor die see uitkyk.

So met alles nuut die kant, sit ek nou die dag in my nuwe kantoor op die nuwe terrein waar ons begin het met die voorbereidingswerk vir een van die nuwe stadions vir 2022 se Wêreldbeker-sokker suid van Doha, en kyk hoe daar al klaar 'n vlieg tik-tik teen die ruit op en af vlieg. Eerste teken van die komende somerhitte. Kyk, as daar 'n nou een ding is wat ek nou regtig al van kleins af haat, is dit 'n vlieg.

Ek sit en beplan nog so hoe ek die kalant gaan vernietig sonder om my venster te veel skade aan te doen, toe Raad (uitgespreek rah-aad met 'n pouse in die middel) instap.

Hy is 'n boorling van Irak, kort blas en grys om die slape. Baie aangename kêrel wat my altyd te graag vertel van sy land se vroeëre glorie. Daardie tyd in die sestigerjare toe hulle en Egipte nog die kitaarslaners hier in die wilde midde ooste was.

“Dinge het baie verander,” begin hy altyd as inleiding en dan vertel hy my van die weelde waarin hulle gelewe het, die splinternuwe Hillman Vogue wat sy pa uit Engeland laat aflewer het en waarmee hulle teerpad gery het tot honderd meter in Koeweit in waar als toe nog net sand en woestyn was.

Wanneer hy my vertel hoe die kinders en vrouens dan agter hulle kar aangehardloop en gebedel het, dan dink ek jy was nog nie in Afrika nie my vriend, ons het bedel en armoede uitgevind.

Laas week kla hy weer oor sy lot hier en hoe hard hy moet werk en vertel hy hoe sy vrou hom moet bly herinner aan die veertig maagde wat vir hom wag in die paradys en die heuning wat Allah in die riviere vir hom gaan laat loop as hy blymoedig arbeid en goeie werke doen hierdie kant.

Terwyl ek steeds die vlieg dophou en sy ondergang beplan, vra ek hom of hulle ook glo aan die duiwel. Ja, kom die antwoord dadelik. Hulle noem hom Shjatan.

Lus vir redekawel vra ek hom toe hoe en waar pas die kêrel nou eintlik in hulle geloof in. Raad laat nie op hom wag nie.

Hy vertel my met oorgawe dat Allah Adam en Eva uit modder gemaak het en die duiwel uit vuur. Toe Shjatan sien Allah hou baie meer van die mens as van hom, word hy kwaad en vra hoekom. Modder is mos soveel minder mooier en slegter as vuur?

Uiteinde van die saak is toe dat Shjatan verban word na die plek van vuur waaruit hy gemaak is en hy sweer toe hy sal sorg dat Allah baie spyt gaan wees dat hy die moddermens gekies het bo hom. Hy wat Shjatan is, sal van nou af in elke mens se oor fluister hoe lekker dit is om nie vir Allah te luister nie.

Raad vertel my hulle glo ook aan die boom in die middel van die paradys en dat die selle Shjatan in Eva se oor gefluister het daai vrug smaak tog o, so lekker.

Die telefoon lui skril en storietyd kom tot 'n einde. Met die mense-uit-modder-storie van hom, het ek net nie die moed om vir Raad te vertel dat ek eintlik maar net vir hom wou sê dat ek weer glo vlieë is eintlik Shjatan se bye.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Waar kom ons woorde vandaan?

Woordeskat uit swart-tale:

Donga, dagha ("klei" of "sement"), mopanie, maroela, moepel, kaboe(-mielies), tollie, mamba, tsetse(-vlieg), indaba, indoena, impie, lobola, pasella, babalaas, haikôna, ietermagô, sakaboela, tamboekie(-gras), kaia, marog, skokiaan, poetoe(-pap).

Duits:

Strawasie, laer, werda, jaarhonderd, sweis, verfoes, werskaf, hekel;

Van Franse afkoms via Nederlands:

Khoekhoens: boegoe, karee, dagga, koekmakranka, kambro, kanna, ghaap, noem-noem, kwagga, oorbietjie, geitjie, gogga, karos, abba, kamma, kamalielies, kamtig, kastig, hoeka, ga(ng), soe, aitsa, arrie, eina, gonna, kerie, hn'n, ghnarra, gorra, karkoer, koedoe.

SLIM LOGO'S (3)

Maatskappye bestee klein fortuintjies aan die ontwerp van logo's. Miskien sal jy nou verstaan hoekom, en in die toekoms fyner oplet!



Die tweede en derde T is twee mense wat meeding om 'n tortilla en 'n bak vol salsa.

Daar is 34,679 boute nodig om 'n kar aanmekaar te hou, maar dit verg net een moer om die hele ding te breek.

Die herkoms van ons gesegdes (24)

Mette: Korte mette maak met iets (iets gou afhandel)

Die mette in die Katolieke Kerk was die eerste deel van die oggendgebed. Die woord kom van Latyn matutinae preces, "môregebede". Die monnike het dié gebede voor ontbyt bygewoon, en volgens oorlewering het hulle dan gehoop dat die voorste bidder net so honger as hulle is en die mette kort sou maak.

Midas: 'n Midas wees ('n gierigaard wees)

Midas was die mitologiese koning van Frigië in Klein-Asië. As beloning vir sy gasvryheid het Dionusos, die god van die wyn, hom 'n wens geskenk. Midas het gevra dat alles wat hy aanraak in goud moet verander. Dit het hom berou, want ook sy kos en water het in goud verander.

Mik: Jou oor 'n mik lag, werk; skrik (besonder hard lag, werk; groot skrik)

In ouer Nederlands was 'n mik onder andere 'n ronde brood. Dit kom voor in soortgelyke uitdrukkings as in Afrikaans, naamlik jou een mik (ronde brood) lachen, schrikken. Dit het, soos ook in Afrikaans, geen logiese grond nie: jy kan jouself ook 'n aap, papie, ertjie met 'n boggeltjie lag. In Afrikaans is die uitdrukking gewysig tot oor 'n mik, waarskynlik omdat die betekenis van "ronde brood" onbekend was hier.

Minne: In der minne skik (op vriendskaplike wyse skik)

In ouer Nederlands het minne onder andere "liefde" beteken; dus in groot vriendskap of liefde 'n saak regstel.

Moordkuil: 'n Moordkuil van jou hart maak (jou gevoelens onderdruk)

Voorvlugtiges soos moordenaars en diewe het vanouds in grotte en kuile weggekruip omdat hulle geen woning gehad het nie. Hulle was dus weggesteek, net soos 'n mens se gevoelens.



Bied met trots aan
AANDKLASSE VIR MANS

KLASSE IS SLEGS VIR MANS!

Almal is welkom!

Let wel: Weens die moeilikheidsgraad sal klasse nooit groter as agt mans wees nie. Die kursus duur twee dae en sluit in:

DAG EEN

Hoe om ysbakkies vol te maak

Stap-vir-stap gids met skyfievertoning

Toiletrolle: Groei hulle op die houers?

Groepbespreking

Verskil tussen vloer en wasgoedmandjie

Oefening met kledingstukke ingesluit

(Foto's en grafika)

Skottelgoed en silwerware

Vlieg of beweeg hulle op eie stoom na die opwasbak of skottelgoedwasser?

Debat met 'n paneel van kenners

Leer hoe om dinge te vind

Begin deur op die regte plekke te soek liewer as om die huis al skreeuende om te keer

Oop forum

Afstandbeheer

Wegraak van afstandbeheer

Helplyn en ondersteunersgroepe

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



Hardloop was nog nooit blondines se sterk punt nie

GEEN WONDER NIE

Die vrou gaan op toer na Israel en onder meer boek sy 'n vaart op die meer van Galilea.

Die ou wat die bootritte aanbied se prys is £35.

"Goeiste!" sê sy. "Dis duur!"

"Dame, maar dit is die juiste water waarop Jesus geloop het."

Verontwaardig sê sy: "Sal my nie verbaas nie. Teen hierdie prys sal enige ou liever loop."

DINGE WAS ANDERS

Die Moslemvrou kla by haar man dat die romanse uit hul huwelik verdwyn het.

"Onthou jy nog hoe jy my altyd bed toe gedra het?" vra sy.

"Ja," sê hy. "Maar jy moet onthou dat jy toe maar elf jaar oud was."

SIEK DIEF

'n Dief het verlede week by my woonstel ingebreek en net die TV se afstandbeheer gesteel.

Nou ry hy kort-kort verby my woonstel en verander die TV se kanale.

Siek blikskottel!

MISVERSTAND

My vrou was vreeslik beïndruk toe sy hoor hoe baie geld ek elke maand vir charity gee.

Maar sy was hoogs befoeterd toe sy uitvind Charity werk by Teazers!

DIT WAS NIE HY NIE!

'n Vrou bel haar blonde buurman en sê hy moet sy gordyne toetrek as hy en sy vrou seks het.

Die hele straat se mense het hulle gister dopgehou en vir hulle gelag.

Blonde man: "Haha. Die grap is op jou. Ek het nuus vir jou: Ek was nie eers gister by die huis nie."

O JINNE!

Jannie gaan na 'n ongure plek en natuurlik vind sy ma daarvan uit.

"Ja, Mannetjie, wat het jy nou alles daar gesien wat jy nie moes gesien het nie?"

Jannie antwoord: "Vir Pa!"

VLOOIE

Die seuntjie kyk hoe sy tannie poeier op haar baba gooi.

Seuntjie: "Tannie moenie sleg voel nie, ons hond het ook vlooië."

OPSTANDING

Glo jy aan die opstanding van die dooies? Indien nie, kyk na die munisipaliteit se mense met huistoegaantyding!

DIT IS MAAR SO

Die blondine sê: "Ek dink nie altyd aan mans nie, maar as ek dink, dink ek aan mans".

ANDY CAPP deur Reg Smythe



Duskantlander in Anderkantland

Om in die Kongo te bly verg beplanning

Deur **FRANCES DU TOIT**

Alles wat ons hier in die Kongo doen, verg deeglike beplanning. Dit mag na 'n eenvoudige takie klink, maar as ons lus kry vir knoffelbrood, moet ons eers die brood bak, dan die knoffel skil en kap en dan eers kan die knoffelbrood voorberei word.

Verlede Saterdag wou ek wasgoed was en daarvoor was petrol nodig. Jy mag vra hoekom op aarde het 'n mens petrol nodig om wasgoed te was? Die rede is dat daar 'n klein petrolaangedrewe kragopwekker langs die put is wat water na die tenks op ons badkamer se dak 160 meter verder pomp. Eers as daar genoeg water in die tenks is, kan ek water in die wasmasjien tap.

Die hele proses begin deur met die Cruiser in viertrek-aandrywing na Makabana te ry om petrol in 'n 20 liter kannetjie te koop. Daarna word die kannetjie styf agterop die bakkie vasgemaak om te keer dat dit omval en die kosbare petrol mors. Dié proses neem 'n halwe dag in beslag.

Trudy het saam met my na Makabana gery en op pad daarheen kon ons skaars die grondpad sien omdat die bossies en gras al so welig gegroei het. Boonop het dit in 'n storm platgewaai en nou horisontaal oor die paadjie gelê. As iemand die eerste keer daar sou ry, sou hulle definitief verdwaal het. Ons kon heelpad net gras sien (en hoor soos dit teen die Cruiser slaan). Dit was nou regtig *bundu bashing!*

Terwyl ek nou so praat oor die gras wat teen die Cruiser slaan, voor ons weg is na Makabana was die Cruiser vol modder – die hele voorkant, ligte en al. Toe ons terugkom, was dit skoon. Die gras het dus dieselfde effek as die borsels van 'n karwassery.

Iets wat ons as voorsorgmaatreël moet doen op hierdie paaie is om kort-kort te toet, want daar is altyd mense onderweg na hulle lappies landerye. Dit is om hulle te waarsku dat ons in aantog is. Wanneer 'n mens by hulle verbyry, word jy altyd begroet met 'n gewuif, breë glimlagte en "bonjour!"

Hierdie mense werk elke dag fisiek geweldig hard onder uiterste omstandighede sonder veel of selfs enige hulpmiddels. Tog is hulle altyd meelewend en vriendelik. Hulle het so min, maar tog is hulle so dankbaar vir alles, met 'n mooi ingesteldheid teenoor die lewe.

Dit is iets waarvan ons ook meer bewus behoort te wees, naamlik om dankbaar te wees vir wie jy is en wat jy het omdat daar altyd ander is wat met minder moet klaarkom as ek en jy.

Twee soorte sirkels

In die ou SAW tydens diensplig wys die bombardier die eerste keer 'n G5-kanon aan die nuwe troepe.

Bombardier: "Rowe! Sien julle hierdie kanon?"

Rowe: "Ja, Bombardier!"

Bombardier: "Nou hierdie is 'n G5-kanon! Hy kan 40 kilometer ver skiet! Verstaan julle rowe?"

Rowe: "Ja, Bombardier!"

Bombardier: "Nou tel julle hom op aan daai disselboom en swaai hom reg in die rondte!"

Rowe: "Reg, Bombardier!" en hulle tel die kanon op en swaai die loop in die rondte.

Bombardier: "Goed. Nou sien julle dat hierdie kanon kan in 'n volle sirkel van 180 grade skiet?"

Na 'n ongemaklike stilte staan een slim rofie op: "Maar Bombardier, is daar nie 360 grade in 'n volle sirkel nie?"

Bombardier: "Jou dom roof! Het jy nie geweet jy kry groot sirkels en klein sirkels nie?"

Uit die wakis

Stories vir die vaak



Slim kind van Japan sit hulle almal ore aan

"Goed," sê die Amerikaanse onderwyser, "kom ons toets vandag julle kennis van geskiedenis. Wie het gesê: 'Gee my vryheid, of die gee my die dood?'"

Voor haar sien sy net 'n klomp begriplose gesigte, behalwe dié van klein Akio, 'n uitruilstudent van Japan.

Hy steek sy hand op en sê: "Patrick Henry, 1775."

"Baie goed!" sê die onderwyser.

"En wie het gesê: 'Regering van die mense, deur die mense, vir die mense mag nie vergaan nie?'"

Weer is dit klein Akio se hand wat omhoog skiet. "Abraham Lincoln, 1863."

"Uitstekend! Kom ons probeer een wat bietjie moeiliker is. Wie het gesê: 'Dis nie wat jou land vir jou kan doen nie, maar wat jy vir jou land kan doen?'"

"John F. Kennedy, 1961," kom dit blitsig van die Japannese.

Die onnie kyk die klas berispensend aan. "Klas," sê sy, "julle moet julle skaam. Klein Akio is nie eers van hierdie land nie en hy weet meer van ons geskiedenis as julle!"

Sy hoor 'n harde fluisterstem: "Die Japs se moer!"

"Wie het dit gesê?" vra die onnie boos. "Ek wil dadelik weet wie dit gesê het!"

Klein Akio se hand skiet op. "Generaal McArthur, 1945," sê hy.

In hierdie stadium sê een van die leerlinge in die agterste gestoeltes: "Ek dink ek gaan kots!"

Die onnie gluur rond. "Goed, wie het dit gesê?" eis sy.

"George Bush aan die Japannese eerste minister, 1991," antwoord klein Akio.

Toe gil 'n leerling kwaad: "O, ja? Suig dit!"

Klein Akio spring op sy stoel, waai sy hande en sê: "Bill Clinton aan Monica Lewinsky, 1997!"

Die hele klas raak oproerig en dreigend en iemand skree:

"Jou klein stront! As jy weet iets sê, maak ek jou dood!"

Klein Akio skree bo die rumoer uit: "Michael Jackson aan die kinders wat teen hom getuig het, 2004!"

Toe word die onderwyser op die vloer flou en die klas gaan staan bekommerd om haar.

Iemand sê: "O koek, nou's ons almal in ons moer!"

Klein Akio (saggies): "Die Suid-Afrikaners, toe Jacob Zuma in 2009 president geword het."



'n Bejaarde paartjie het uiteindelik die stuur en ontvangs van selfoonboodskappe onder die knie gekry.

Die tannie, 'n baie romantiese dame, besluit om vir haar man 'n paar boodskappies te stuur terwyl sy en 'n vriendin koffie drink in 'n koffiekroegie.

Sy stuur die volgende SMS:

"Indien jy slaap, stuur my jou drome.

Indien jy lag, stuur my jou glimlag, Indien jy besig is om te eet, stuur my 'n happie.

Indien jy besig is om iets te drink, stuur my 'n slukkie.

Indien jy huil, stuur my 'n traandruppel.

Ek is lief vir jou!"

Die omie, 'n doodgewone plat op die aarde ou, antwoord:

"Ek sit op die toilet. Enige instruksies?"



'n Wit man, 'n bruin man en 'n Indiër sit in die restaurant. Hulle kyk na 'n ander man wat alleen by 'n tafel in die hoek sit. Hy lyk baie bekend, maar hulle is baie geïrriteerd want hulle kan hom net nie plaas nie.

Skielik herken die bruin ou die man.

"Hei, ek sê, ek sê, daai is mossie Pope!" sê hy.

Hulle is baie opgewonde en span saam en stuur vir hom die lekkerste dis op die spyskaart. Die Pous aanvaar die kos, glimlag vir hulle en begin eet.

Nadat hy klaar geëet het, stap hy na hul tafel. Hy skud die Indiër se hand en bedank hom vir die ete.

Toe die Pous sy hand los, gil die Indiër van verbasing:

"Ai toggie, die artritis waaraan ek nou al 30 jaar lank ly, is weg! Dis 'n wonderwerk!"

Die Pous skud toe die wit man se hand.

"Jy's reg!" skree hy vir die Indiër. "My rugpyn het net eensklaps verdwyn! Dis 'n wonderwerk!"

Die Pous skuif toe aan na die bruin man, maar dié stamp 'n stoel om om uit sy pad te kom.

"Wat is verkeerd?" vra die Pous verbaas.

"Djy raakie aan my nie," sê die bruin ou. "Cos ek is op 'n disability grant!"



Het jy ook al die gevoel gekry?

Dis aaklig, nè?

Jy is uitgevat en jy lyk op jou beste - asof jy deur 'n ring getrek kan word.

Soos jy in die straat afstap, kan jy voel aller oë is op jou gerig. En jy is besig om al die aandag terdeë te geniet.

Dan sien jy jouself in 'n spieël of winkelvenster - en skidik daal die besef op jou neer:

Jy het vergeet om lipstiffie aan te sit!

Alles wat jy wou bereik, sneuwel net daar op die plek!

Deksels!

Kyk hoe lieg so 'n skelm veldmuis!

Twee meisie veldmuisie sit elkeen met 'n pakkie kaaskrulle en praat oor hul kêrels. Die een meisie muis haal 'n foto van haar muiskêrel uit en wys dit vir haar vriendin. Dis 'n pragtige seun muis met donker strepe oor sy breë muiskouers.

"Sjoe, maar hy's nogal handsome!" antwoord die vriendin.

"Maar wag, laat ek jou wys hoe my kêrel lyk", sê sy, terwyl sy 'n foto uit haar muis handsakkie haal.

"My magtag dis dan 'n vlermuis!" sê haar vriendin verbaas.

Geskok gryp sy die foto terug, kyk goed daarna en roep uit:

"Die lae blikskottel, hy vertel my al die tyd hy's 'n pilot!"

Stamboom

Help ons familiespeurders

BARLOW tian.fick@yahoo.com

Op soek na enige Barlow's. My oupa het geboer in die Baviaanskloof in die Cambria-disrik in die Oos-Kaap. Hy was een van drie broers naamlik Kleinste, Broertjie en Du Preez. My oupa was William Seal Barlow.

COETZER admata.transport@vodamail.co.za

Herkoms hugenote tot Weenkop in Rouxville-distrik.

ENSLIN marykeklu@yahoo.com

My oupa was George Frederick Enslin van die Oos-Kaap en was getroud met Engela Magtelena Wolfaart, (bynaam Helen). My oupa is gebore 1914 en oorlede in 1973, hy was omgery. Ek weet van 3 broers, die een is by hom begrawe maar ek weet nie wat sy naam was nie. Dan is daar Wally Enslin wat in George gewoon het en Herold Enslin wat in Despatch in die Oos-Kaap gewoon het. Ek weet nie of dit gaan help nie maar ek sit die link by omdat jy enige plek in SA se grafstene kan nagaan. Dalk help dit as jy weet waar iemand begrawe is maar nie die name ken nie. Ek gaan maar op die name wat ek kon onthou wat Ouma baie oor gepraat het. Ek ken ook die naam Joey Enslin maar ek kan nie sê of dit ook n broer is nie. As jy dalk enige inligting het wat dalk vir my ook iets kan leer sal ek dit baie waardeer.

FORSTER-TOWNE Magsft@vodamail.co.za

Enquiring about people with my surname, residing in South Africa and United Kingdom.

HEFER anita.fourie823@gmail.com

Jan Frederick Hefer gebore 23 Oktober 1984. Getroud met Anna Margarietha Lues, gebore 5 Nov. 1900's. Daar is 7 kinders gebore uit die huwelik. Wil net weet of ons op die regte spoor van Hefer familie van Rosendal is. Indien wel, sal volledige besonderhede verskaf word.

KAMVER lg.kamver@gmail.com

Kaapstad, Sarah Kamver, Britse kolonie, tans familie in Bloemfontein

LAMPRECHT susanlamey@yahoo.co.uk

Indien enige persoon iets van die "ou" Lamprechts van die Willowmore-distrik weet, kan julle my kontak. Ek soek die konneksie tussen hulle en my oupagrootjie Gert Johannes Jacobus Lamprecht.

LIEBENBERG Sorienv@gmail.com

Enige inligting oor Willem Schalk Liebenberg getroud met Alwina Petronella van den Bergh.

SCHEMEL Sorienv@gmail.com

Kan enige iemand my meer inligting gee oor die stamvader en moeder van die Schemels. Ek vermoed almal in Suid-Afrika is familie.

SMIT susanlamey@yahoo.co.uk

Het enigiemand familiebesonderhede van oudgeneraal Nicolaas Smit wat by Majuba geveg het. Ek wil familie-konneksie maak.

VAN EMMENES/IS karenvemmenes@gmail.co

Besig met bogemelde familie se volledige genealogie. Ek self is Phoebe N van Emmenes en het heelwat inligting oor verskeie vanne (aangetroude familie van gemelde van, asook inligting oor die Groot Trek ens.)

Storie affie Plein af

Die regering het aangekondig dat jy outomaties 'n salarisverhoging van R5000 kry as jy vyf kinders het.

'n Ou van Mitchells Plain hoor die ding en sê vir sy vrou: "Daai's mos oraait man, nou kan ek djou ve'tel van daai laaitie wat ek by daai girl in Elsies gehettet, ek sal hom ga' haal solat hy hie by ons saam met ons 4 laaities kan ko bly, solat ek kan qualify."

Toe hy die volgende dag met die laaitie tuis kom, vra hy sy vrou waar is die ander vier kinders.

Toe haak sy vrou af: "Djy's nie die enigste een wat die nuus gehô hettie, hulle se pa's het vi hulle ok ko' haal".

Mense sê melk
maak jou
sterker

Drink 5 glase
melk en kyk of
jy die muur
laat beweeg

Drink vyf glase
wyn en kyk
hoe die muur
self beweeg!

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“ Skooldonkies was nie onnosel nie. Hulle het snags koers gekry en moes dan soggens gesoek word.

Deur JOHAN VAN WYK

Die oud-Springbokkaptein Corné Krige gaan beslis geld spaar. Skoolskoene is duur. Maar wat van sy laaitie, John, se hakskeene? Hoewel dit nie die kind van die katel sal gooi nie, gaan hulle van kaalvoet skool toe loop so skurf word soos 'n boerbeskuit.

Dit is mos hoe die hakskeentjies van die kinders van 'n geslag of twee gelede, toe almal kaalvoet skool toe geloop het, gelyk het. Nou is dit 'n rariteit wat die voorblad haal.

Al wat kortkom om die prentjie van gesonde, outydse onskuld te voltooi, is 'n lei, 'n griffel en 'n botteltjie water en 'n lappie (om die skrif op die lei mee skoon te vee) in 'n kartonsoetkysie met blink knippies. As jy my vra, is daar egter 'n iPad en 'n selfoon in sy rugsak van leer.

Laat ek nie die nederige donkiekar vergeet nie, die skoolkar voor BMW's en Fortuners (Mom's taxi) se tyd. Die ou mense vertel graag daarvan en spog selfs daarmee. Hoe hulle soggens douvoordag Klipbok en Daisy moes gaan aankeer om hulle voor 'n taaierwielkar, gebou op 'n ou motoronderstel met 'n diff waaruit ou olie gedrup het, in te span.

Gewoonlik eers ná 'n soektog. Skooldonkies was nie onnosel nie. Hulle het snags koers gekry en moes dan soggens gesoek word, kaalvoet oor doringbosse en klippe. 'n Refrein wat steeds in baie se kop weerklink, is: "Gaan soek die donnerse donkies!"

Laat ek nie die skoolkos vergeet nie. Nie Nik-Naks, Ghost Pops en Smarties in Tupperware-bakkies nie, maar roosterkoeke gesmeer met sagte vet, gemeng met goue stroop, en 'n blikkantientjie swart koffie in 'n slopie vir dié wat uit die huis skool gegaan het. En gasie vir kinders wat in die week geloseer het.

My oudste suster is elke Maandagoggend met 'n skaapblad en 'n emmer boermeel Koppieskraal toe gebring op 'n donkiekar met Willem Sas agter die leisels. Wanneer sy 'n vet oondgebraaide skaapblad op die tafel gehad het, het sy vertel hoe die gierige meester van die plaasskooltjie en sy spul vraatsige kinders die weeklikse blad vleis sommer die eerste dag alleen opgeëet het. Sy het die onreg nooit vergeet nie.

Soos ouer boelies met newwies die toebroodjies, sop, kaas, droëvrugte en rosyntjies en neute wat vroeër in speelyd by skole uitgedeel is voor kaalvoetseuntjies se neus weggeraap het. Vra my.

Die kaalvoetgier wat die klein John Krige nou ingelui het (ek verwag dit gaan 'n mode word, indien nie 'n statussimbool nie), is dus niks nuuts nie. Ons stap maar net in die dowwe spore van die voorlopers van kaalvoetloop – "God's own children".

Of hulle nog skoene dra, weet ek nie, maar met die eertydse veelvolkige Turnhalle-beraad in Windhoek het Boesmans die blinknuwe John Drake's (op staatskoste) aan hul weerbarstige voete in die lang sittings stilletjies uitgetrek.

Ek sou ook.

♦ Met toestemming van die skrywer. Hierdie artikel het in Die Burger se Van Alle Kante verskyn.

KAMMANUUS verskyn weer op 23 MAART